UNIVERSITY OF CAPE TOWN
RONDEBOSCH
LIBRARY

S559

# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**
**Overseas 30c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 144] CAPE TOWN, 29 JUNE 1977 [No. 5612
KAAPSTAD, 29 JUNIE 1977

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1162. 29 June 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 83 of 1977: Mines and Works Amendment Act, 1977.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1162. 29 Junie 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 83 van 1977: Wysigingswet op Myne en Bedrywe, 1977.

# ACT

**To amend the Mines and Works Act, 1956, so as to bring the constitution of the mine safety committee in relation to certain members into accordance with changed circumstances; to empower the Minister to allow the performance of certain work at mines or works on Sundays and certain public holidays; to extend the power of the State President to make regulations; and to provide for incidental matters.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 17 June 1977.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 2*bis* of Act 27 of 1956, as inserted by section 3 of Act 46 of 1964.

**1.** Section 2*bis* of the Mines and Works Act, 1956 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for paragraph *(e)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(e)* three persons nominated by an organization or organizations which, in the opinion of the Minister, is or are representative of employees employed at mines and who are not officials referred to in paragraph *(f)*; and".

Amendment of section 9 of Act 27 of 1956, as amended by section 2 of Act 51 of 1959, section 2 of Act 91 of 1965 and section 18 of Act 80 of 1971.

**2.** Section 9 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion of the word "or" at the end of paragraph *(d)* of subsection (1); and

*(b)* by the addition to the said subsection (1) of the following paragraph:

"*(f)* work in respect of which the Minister, in any particular case, on application in writing or, in general, by notice in the *Gazette*, declared that in his opinion the performance thereof is necessary in the national interest.".

Amendment of section 12 of Act 27 of 1956, as amended by section 11 of Act 46 of 1964, section 3 of Act 91 of 1965, section 6 of Act 42 of 1968, section 5 of Act 40 of 1971 and section 12 of Act 62 of 1973.

**3.** Section 12 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(h)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(h)* the performance, cessation or abandonment of activities in or at mines or works, and matters incidental thereto, including the removal from the land on which such activities are to be performed, are performed or have been performed, of buildings, walls, installations, foundations, litter, garbage, or rubble resulting from the demolition of buildings, installations or other structures on such land;"; and

*(b)* by the insertion in the said subsection (1) after paragraph *(h)* of the following paragraph:

"*(h*A) the conservation of the environment at or near any mine or works, including the restoration of land on which activities in connection with mines or works are performed or have been performed;".

Short title.

**4.** This Act shall be called the Mines and Works Amendment Act, 1977.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956, ten einde die samestelling van die mynveiligheidskomitee met betrekking tot sekere lede in ooreenstemming met veranderde omstandighede te bring; om die Minister die bevoegdheid te verleen om die verrigting van sekere werk by myne of bedrywe op Sondae en sekere openbare vakansiedae toe te laat; om die bevoegdheid van die Staatspresident om regulasies uit te vaardig, uit te brei; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 17 Junie 1977.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel *2bis* van Wet 27 van 1956, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 46 van 1964.

**1.** Artikel *2bis* van die Wet op Myne en Bedrywe, 1956 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf *(e)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(e)* drie persone benoem deur 'n organisasie of organisasies wat, volgens die oordeel van die Minister, verteenwoordigend is van werknemers wat by myne werksaam is en wat nie beamptes bedoel in paragraaf *(f)* is nie; en''.

Wysiging van artikel 9 van Wet 27 van 1956, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 51 van 1959, artikel 2 van Wet 91 van 1965 en artikel 18 van Wet 80 van 1971.

**2.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woord „of'' aan die einde van paragraaf *(d)* van subartikel (1) te skrap; en

*(b)* deur die volgende paragraaf by die genoemde subartikel (1) by te voeg:

„*(f)* werk ten opsigte waarvan die Minister, in 'n bepaalde geval, op skriftelike aansoek of, in die algemeen, by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar het dat die verrigting daarvan na sy oordeel in die nasionale belang nodig is.''.

Wysiging van artikel 12 van Wet 27 van 1956, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 46 van 1964, artikel 3 van Wet 91 van 1965, artikel 6 van Wet 42 van 1968, artikel 5 van Wet 40 van 1971 en artikel 12 van Wet 62 van 1973.

**3.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(h)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(h)* die verrigting, staking of opgee van werksaamhede in of by myne of bedrywe en aangeleenthede wat daarmee in verband staan, met inbegrip van die verwydering vanaf die grond waarop sodanige werksaamhede verrig gaan word, verrig word of verrig is, van geboue, mure, installasies, fondamente, rommel, afval of puin as gevolg van die sloping van geboue, installasies of ander strukture op sodanige grond;''; en

*(b)* deur in die genoemde subartikel (1) na paragraaf *(h)* die volgende paragraaf in te voeg:

„*(h*A*)* bewaring van die omgewing by of naby enige myn of bedryf, met inbegrip van die herstel van grond waarop werksaamhede in verband met myne of bedrywe verrig word of verrig is;''.

Kort titel.

**4.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Myne en Bedrywe, 1977.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B1810/14 200.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B1810/14 200.